

25 Junie

Lees: Genesis 12:1-9
Fokusgedeelte: Genesis 12:1-2

God se nuwe begin

Genesis 12 neem 'n besondere plek in die Bybel in. Dit word dikwels *die begin van God se koninkryk* genoem. Na die tragiese geskiedenis van die mens by die toring van Babel wys God dat Hy 'n plan het. Die plan raak duidelik met die wonderlike woorde: Die Here het gesê ...

Hierdie woorde lees ons reeds by die begin van die skepping (Gen 1:3): “Toe het God gesê ...” Ook by die begin van die verlossingsplan het ons gelees (Gen 3:14): “En die Here God het gesê ...” Daarom bring die woorde van Genesis 12:1 soveel nuwe hoop, “Die Here het vir Abram gesê ...” Dan volg die plan vir die begin van die koninkryk van God.

Daar is dus afwagting by die leser van die Bybel nadat hy hierdie aangrypende woorde van God weer lees. Hoe gaan God dit doen?

God doen dit deur mense te roep. Hy tree in 'n verhouding met Abram en sy mense en Hy bied aan hulle 'n belofte. Hier is reeds die eerste tekens sigbaar van hoe God werk. Die eerste tekens van die verbond tussen God en sy mense word gesien. God seën sy mense en hulle word 'n seën vir die wêreld. God gee ook geloof in sy beloftes, en hierdie geloof onderskei God se mense van die wêreld waarin hulle woon. Hulle sien dinge nou nuut en verwag altyd iets beters. In geloof trek Abram die toekoms in. In dankbare oorgawe bou hy altare langs die pad. Hy erken die ware God deur hom te dien en te loof. God het 'n nuwe begin gemaak! Die nuwe mens vorm deel van sy plan!

Sing: Psalm 25:4

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)